



JULIE 2016

Welkom

Die nuwe seisoen

Beertjie-Drag

Nuwe Oeftentye

Ernstige beroep

Agter die skerms

Oor Coach

Spesiale Bylaag

WELKOM

Geagte ouers en Beertjies, dit is 'n nuwe seisoen en daar is baie om na uit te sien net soos die Willebeertjies baie het om voor dankbaar te wees. Die kinders het baie gegroei in hulle vermoëns en my as afrigter toegelaat om saam met hulle te groei.

Ons kom nou by die voorseisoen van 2017 wat eintlik slegs geskei word van 2017 met een vakansie tussen in. Dus sien ons die voorseisoen as voorbereiding vir die volgende jaar. Dit beteken nie dat ons dit nie ernstig moet opneem nie. Daar is baie geleenthede van September tot November vir die kinders om aan deel te neem en ook as atleet te groei. Meer hieroor later.

Aan elke Beertjie en hulle ouers, of julle nuut is en of julle lankal ingeskakel het, baie welkom in 'n nuwe seisoen. Ek droom saam met julle!

DIE NUWE SEISOEN

Ek het al in vorige briewe gesels oor die voorseisoen. Wat dit behels in kort: 'n Skoolseisoen wat in skoolverband plaasvind en deur die skool gereël word. Die voorseisoen sluit ook 'n private deel in wat nie deur die skool gereël word nie maar deur Atletiek Gauteng Noord (AGN). Daar is buiten die skool se byeenkomste ses ligas om aan deel te neem en een AGN Kampioenskap. Sou een van die Beertjies voldoen aan die kriteria van AGN en ook presteer op die kampioenskappe staan hy of sy 'n kans om provinsiale kleure te kry en gekies te word vir die Gauteng-Noord span wat aan 'n Interprovinsiale Kampioenskap gaan deelneem op die 21ste November. Dit is agtien weke van Maandag die 18de af en ek sien uit na hierdie *Journey*. Ek sal meer oor AGN en die prosedure skryf as die tyd nader is.

Verlede jaar het 5 Beertjies aan die AGN Kampioenskap deelgeneem en drie het provinsiale kleure gekry. Ek hoop ons kan daardie getalle verdubbel hierdie jaar.

WILLENUUS



WILLEBEER AFRIGTING

BEERTJIE-DRAG

Soos ek op die WhatsApp groep laat weet het is daar **Willebeer Afrigting** kleredrag beskikbaar. Ek het 'n klomp voorraad van die verskaffers af gekry en dit is tans by my direk bestelbaar en betaalbaar. Die items kan los gekoop word of as 'n *kit* bestel word. Die hele *Kit* se waarde is R500. As julle dit eenmalig koop gee ek R100 af en die maand se afrigfooi teen 50%. Die blou vest is beperk so dit werk op 'n *first come, first served* basis. Dus is die offer beskikbaar solank soos wat die blou vest beskikbaar is. Daarna is die *kit* sonder die vest steeds R400 – verwys na pryse hier onder (ons sou nog die vest los kon bestel van die verskaffers – Colours of Africa).

Dus as iemand hierdie maand vyf maal geoefen het is die afrigting fooi R350 @R70 'n sessie. As dieselfde persoon die *kit* sou koop sou dit dus R175 + R400= R575 wees vir die maand waarin die Beertjie-drag gekoop is.

Dit *kit* sluit in 'n Rugsak, Waterbottel, T-shirt, Vest en 'n pet. Daar is ook 'n ondersteunerspet beskikbaar. Dit is egter nie verpligtend nie. Dit is wel 'n volgende stap vir Willebeertjies om van oefengroep na Klub/Akademie te skuif.



PRYSE

RUGSAK	R 160
WATERBOTTEL	R 75
T-SHIRT	R 115
PET	R 50
VEST	R 100



NUWE OEFENTYE

Die oefentye is nie *set in concrete* nie. Dit beteken dat dit kan verander soos die tyd aanstap of soos ander aktiwiteite dit noodsaak. Dit sal ook verander soos wat ons meer deelneem of soos ek weer assistente soos Jon of Hanno kry.

Daar is ook 'n spesialis oefensessie vir hekkies op Woensdae by Monnies. Ek het Woensdae gekies omdat dit alreeds onder die hekkie atlete gevestig is. **DIT BETEKEN NIE** dat niemand anders welkom is nie. Maandae sal hard wees vir die sprinters en Vrydae hard vir almal met krag oefening. Dus as nie-hekkie atlete Woensdag kom gaan hulle *low key* (herstel oefening) doen. Ek sal met die Ladies hulle eie oefentyd reël.

As iemand 'n sessie gemis het of spesialis aandag verlang sal ek op Saterdag per versoek beskikbaar wees teen 'n naweekfooi van R100 per sessie soos dit die vorige seisoen alreeds plaasgevind het.

ERNSTIGE BEROEP

Dit is vir my moeilik om die volgende met julle te bespreek maar dit moet gedoen word. So baie van julle is getrou met die betalings en so ook is daar van julle wat nie is nie. Ek verkies om te glo dat dit net 'n oorsig is of 'n kommunikasiegaping van ouer tot ouer omdat die ouer wat die inligting ontvang nie altyd die ouer is wat betalings doen nie.

Party van julle skuld so min soos R60 maar nie almal nie. Dit klink min maar as al daardie R60'e bymekaar getel word dan is die bedrag wat uitstaande is ver oor die R5000. Die afrigting is vir my nie net 'n aanvuller tot my inkomste of tyd nie. Dit is my besigheid en ek het mense wat agter die skerms vir my werk wat ook betaal moet word. Ek is net vir 4 ure 'n dag by die skool gekontrakteer en dus kan julle sien hoekom die uitstaande geld vir my noodsaaklik is. Asseblief hou julle volgende rekeninge dop aan die einde van die maand. Kyk ook na die volgende:

- Moet asb nie betaal sonder 'n rekening nie omdat julle dikwels die verkeerde bedrag oorbetaal.
- Asb geen kontant nie.
- Gebruik asb die **bankbesonderhede soos dit op die faktuur verskyn sowel as die verwysingskode.**

AGTER DIE SKERMS

Die Willebeër Atletiek webblad is onder konstruksie en ek is baie opgewonde daarvoor. Die idee is dat dit vir julle inligting gaan verskaf sowel as 'n gemeenskap gaan stig. Ek het, soos julle weet, 'n voorliefde vir Atletiek as sportsoort - nie alleen omdat ek daaraan deelneem nie, maar ook omdat ek glo dat dit ontwikkelingskrag het vir individue wat net individuele sport kan gee. Die webblad is ook my poging om die sportsoort op te bou in Suid-Afrika en terug te gee. Dit gaan ook foto's en videos van die kinders bevat as dit die ouers se goedkeuring wegdra.

Ek het ook 'n grafiese ontwerper wat elke nou en dan vir my werk doen. Die nuutste is die Wille Winters embleem. Ek sal meer daarvoor skryf in die volgende nuusbrieff. Ons is tans besig met die Wille Winters tydperk.

WILLENUUS



WILLEBEER AFRIGTING



DIT IS DIE OLIMPIESE SPELE

Dit is sulke tyd julle. Dit was die grootste sport aangeleentheid sedert die antieke tye en is steeds. Dit het vir 'n baie lang tyd weggeraak en is toe weer in 1896 met die hulp van die Fransman Pierre de Coubertin heringestel sonder die heidense godsdienstelemente van die Spele se antieke karakter. Dit is die plek waar legendes gebore word en mense geïnspireer word.

Gryp die geleentheid aan om julle kinders te laat droom. Ek het op twaalf jaar oud bewus geword van iets soos die Spele en gedink dis *amazing*. Op sestien het ek daarvoor begin droom as 'n werklikheid en op vier-en-twintig het daardie droom waar geword.

Daar gaan talle goeie Suid-Afrikaners wees in die atletiek en ek voorspel ten minste twee medaljes op die baan. Dalk moet ons reël om saam te kyk...

OUR COACH

Coach het nie sy droom om vir 'n tweede maal die land te verteenwoordig by die Olimpiese Spele kon bewaarheid nie. Ek het op 'n kritieke stadium 'n klein (regtig klein) besering gehad en kon nie die geleentheid wat daar was, om te kwalifiseer of borge te kry vir verdere deelname in die buiteland, benut nie. Dit is vir my hartseer en ek het al julle ondersteuning in die tydperk voor en na my besering waardeur. Dankie daarvoor.

SEËNGROETE, COACH WILLEBEER



SPESIALE BYLAAG

Hierdie gedeelte voeg ek nou by nadat ek die nuusbriëf getik het en eintlik reg was om dit uit te stuur. Ek besef hierdie nuus wat ek nou deel is skielik alhoewel dit ook goeie nuus is.

Die afgelope week het ek 'n oproep gekry van Hoërskool Waterkloof af. Die atletiek direkteur, Dreyer Cambell, het gevra of ek belangstel om by die Hoërskool te kom afrig. Hierdie geleentheid het nie gekom agv moontlikke bedankings wat sommiges van julle van bewus is nie. Dit het gekom na aanleiding van myself wat 'n paar maande gelede terug vir Dreyer gevra het wat is die moontlikheid dat ek die Beertjies op Waterkloof se fasiliteite kan afrig.

Sy antwoord het positief teruggekom en ook terselfde tyd vir my die geleentheid aangebied. Vir hom is dit 'n bemarkingsgeleentheid vir Waterkloof en vir my 'n geleentheid om te groei as afrigter en ook my vlerke te spreid verder as die Laerskool. Daar is dus vanselfsprekend ook 'n finansiële voordeel vir my. Hierdie geleentheid het ook moontlikheid om uit te brei in 'n geestelike pos by Waterkloof wat tans onderhandel word.

WAT BETEKEN DIT DUS VIR DIE BEERTJIES?

- Ek rig 4 keer 'n week af by Waterkloof, vir Waterkloof (Ek besluit wanneer en hoe ek dit inkleur).
- Oefentyd vir die Beertjies verander na **16:00 die middag by Waterkloof vanaf 1 Augustus**.
- Ons sal die dae wat die Beertjies oefen mooi kies sodat dit die meeste pas.

Die voordele vir die Beertjies

- Daar is 'n regte baan met regte afmetings wat die regte afstand het.
- Die verspring put het 'n Tartan aanloopbaan vir ons klinieke.
- Daar is Hekkies wat vry is om te gebruik en dit is op die baan (nie in 'n stoor nie).
- Daar is 'n groter pawiljoen wat benut kan word vir krag werk.
- Ons deel nie die veld met ander sportsoorte nie.
- Ek kan die senior Beertjies beter afrig in terme van die 150m/200m en voorberei vir hoërskool.
- Huiswerk kan voltooi word voor oefening en dus na oefening sluit hulle dag af.

Ek besef dit is skielik en dit gaan nie vir almal werk nie. Met hierdie skuif gaan die Beertjies as klub groei omdat ek meer skole kan trek ook. Jon het bevestig dat hy weer gaan deel wees en ons kan met hom alternatiewe tye na skool reël. Ons sou ook gebruik kon maak van saamry geleentheid. Dankie vir julle volgehoue ondersteuning tot my as persoon en afrigter.